higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING
(Eerste Vraestel)
NKR VLAK 4

(7601034)

29 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf slegs met blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	'n Aansteeklike siekte wat hoofsaaklik die longe beïnvloed	A	gebalanseerde voeding
1.2	Korttermyn en baie slegte soort stres	B	selfbestuur
1.3	Onregverdige etiket of stempel wat aan 'n bepaalde persoon, probleem of situasie gegee word	C	litigasie
1.4	Hierdie organisasie maak seker dat verkiesings vry en regverdig is	D	eustres
1.5	Dit toon jou sterk punte, swakhede, doelwitte en suksesse	E	persoonlike profiel
1.6	Dispuut wat deur 'n regter in die hof aangehoor en besleg word	F	stigma
1.7	Moegheid as gevolg van uitgerekte stres wat daartoe lei dat 'n persoon nie opgewasse is nie	G	tuberkulose
1.8	Dit help om jou immuunstelsel te versterk	H	verslawing
1.9	Jou vermoë om sonder toesig te kan werk	I	akuut
1.10	Afhanklikheid van skadelike gewoontevormende middels	J	uitbranding
		K	OVK
		L	buigsaamheid
		M	mediasie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Logiese redenering is die proses waar redenering- ... gevolg word.

A terughoudendheid
B stappe
C beindiging
D aanstaring

2.2 MIV-positiewe Suid-Afrikaners kwalifiseer vir … behandeling.

A antireversele
B antisikliese
C antirespiratories
D antiretrovirale

2.3 Werkgewers moet seker maak dat daar nie in die werkplek teen werknemers wat met MIV saamleef … word nie.

A ontwrig
B gediskrimineer
C gediskriminaliseer
D gedehidreer

2.4 Watter EEN van die volgende is 'n funksie van die Departement van Arbeid?

A Veg vir werknemers se behuisingsubsidies
B Verteenwoordig werkers by die bedingingsraad
C Hanteer eise wat met salarisse verband hou
D Tree as 'n agent van makelaars op

2.5 Watter EEN van die volgende stellings toon die waarde van werk?

A Beskerm persoon teen ontwikkeling van ondernemersvaardighede
B Bied geleentheid om eiewysheid te verwerp
C Help persoon om selfagting te ontwikkel
D Weerhou persoon om vaardighede by te werk

2.6 Die grondwet van Suid-Afrika sluit die … van regte in wat werkers beskerm.

A mandjie
B mengsel
C biljoen
D handves

Kopiereg voorbehou

2.7 Die afbeelding hier onder is 'n voorbeeld van 'n … onderhoud.



[Bron: *http://work.chron.com/dos-job-interview*]

A eksterne
B interne
C bevordering
D voorlegging

2.8 Arbeid- of … wetgewing ondersteun 'n bevorderlike werkomgewing.

A onderneming
B bemagtiging
C entiteit
D indiensneming

2.9 'n Werkgewer kan 'n werknemer se kontrak beëindig indien … bewys word.

A swak kommunikasie
B teëspoed
C wangedrag
D ellende

2.10 'n Grief is 'n formele klag wat ... gegee word.

A skriftelik deur werkgewer aan werknemer
B skriftelik deur werknemer aan werkgewer
C mondelings deur werknemer aan werkgewer
D mondelings deur 'n werkgewer aan 'n ander werkgewer

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer. Gee 'n rede vir elke antwoord.

3.1 Plasing van 'n CV op die Internet verminder kanse van indiensneming.

3.2 Nadenke ('Reflective thinking') help jou om uit jou ervaring te leer.

3.3 Alle soorte stres motiveer ons.

3.4 Deur te stem bevorder demokrasie.

3.5 Hooggeregshowe is verantwoordelik vir die beskerming van arbeidsregte.

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Mense wat met MIV besmet is en daardeur geraak word het … strukture nodig.

4.2 Vakbonde moet gedurende 'n staking die korrekte … volg.

4.3 Stelle kognitiewe vaardighede wat verbandhoudend tot die arbeidsmark is, sluit kreatiwiteit, kritieke denke en … in.

4.4 Die soort stres wat tot depressie lei is ... .

4.5 Werksoekers moet 'n ... -vorm voltooi.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing gee uitvoering aan billike arbeidspraktyke en steun die regte van beide werknemers en werkgewers gedurende 'n staking.

5.1.1 Noem TWEE regte van werknemers gedurende 'n staking. (2)

5.1.2 Noem TWEE regte wat werkgewers gedurende 'n staking kan toepas. (2)

5.2 Beskryf TWEE gevalle waar 'n staking wettig is. (2)

5.3 Gee TWEE voordele om lid van 'n vakbond te wees. (2)

5.4 Verduidelik die term *arbitrasie*. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Donald is 'n 20-jarige gewese student van NC(V) ingenieursontwerp. Hy is baie kwaad en verbitterd omdat hy een vak gedruip het. Sy vriende is tans by BMW met 'n vakleerlingskap besig. Indien hy al sy vakke geslaag het sou hy ook nou 'n vakleerlingskap gedoen het. Hy blameer die kollege.

Donald verstaan nie hoekom hy gedruip het nie. Hy het die dae voor die eksamen tot laat studeer. Gedurende die eksamen kon hy nie die inligting wat hy geleer het onthou nie. Hy was moeg en het nie die energie gehad om al die vrae te voltooi nie.

Donald het sy oom, Jon besoek. Jon het Donald aangemoedig om 'n lewenslange leerder te wees en kognitiewe strategieë te gebruik. Hy het Donald ook beveel om sy redeneringsvaardighede te verbeter.

6.1 Donald het hulp nodig. Hy is baie emosioneel en kan nie logies dink nie.

Beveel DRIE maniere aan hoe Donald sy logiese redeneringsvaardighede moet toepas sodat hy besef hoekom hy 'n vak gedruip het. (3)

6.2 Stel TWEE voorbereidingstrategieë vir 'n eksamen voor wat Donald kan gebruik. (2)

6.3 Watter TWEE foute met betrekking tot die skryf van 'n eksamen kon Donald gedurende die eksamen gemaak het? (2)

6.4 Fisiese en verstandelike fiksheid is beide belangrik sodat stres gedurende eksamen vermy kan word.

6.4.1 Noem DRIE oorsake van eksamenstres (snellers) wat Donald se vordering in 'n eksamen kan benadeel.

6.4.2 Gee Donald raad oor hoe hy die snellers wat in VRAAG 6.4.1 genoem is moet bestuur.

(2 × 3) (6)

6.5 Gee Donald raad oor VIER strategieë wat hy kan gebruik om 'n lewenslange leerder te word. (4)

6.6 Beveel DRIE wyses aan waarop Donald sy redeneringsvaardighede kan verbeter. (3)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Bestudeer die afbeelding hier onder en beantwoord die vrae.



Een uit sewe pasiënte in 'n hospitaal het bloed nodig.

[Bron: *https://rrvb.org.blood-facts*-]

7.1 Voetgangers is dikwels slagoffers van padongelukke.

7.1.1 Identifiseer DRIE oorsake van padongelukke waar voetgangers betrokke is. (3)

7.1.2 Verwys na die stelling in die afbeelding. Skep TWEE oortuigende boodskappe of slagspreuke wat studente by jou kollege sal aanmoedig om bloed te skenk. (2)

7.1.3 Noem DRIE kriteria om as bloedskenker te kwalifiseer. (3)

7.2 Verduidelik kortliks hoe belangrik bloed wat geskenk word vir hospitale is. (2)

[10]

VRAAG 8

Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Wees versigtig hoe jy met jou kind praat



Jou woorde en optrede kan hulle opbou of afbreek.

Ouerskap is 'n bevredigende taak, maar dit kan ook uitdagend wees. Ouers maak soms foute sonder dat hulle dit besef. Hierdie foute kan die welsyn van kinders beïnvloed. Een van die mees belangrike werktuie wat ons kinders vorm is hoe ons kommunikeer of praat.

Positiewe kommunikasie is 'n baie belangrike werktuig vir ouerskap. Soms praat ouers in 'n negatiewe wyse omdat hulle gespanne is, self probleme ervaar of nie weet wat om te doen nie. Dit kan 'n baie negatiewe uitwerking op kinders hê.

[Bron: *A*angepas uit *True Love*, November 2016]

8.1 Woorde kan kinders opbou of afbreek.

8.1.1 Verduidelik aan die moeder in die afbeelding hoekom dit nadelig is om op 'n negatiewe wyse met kinders te praat. Gee DRIE redes.

8.1.2 Gee DRIE redes hoekom kinders geliefd moet wees.

8.1.3 Noem DRIE voordele wat die moeder sal ontvang omdat sy haar kind respekteer.

(3 × 3) (9)

8.2 Ouers moet hulle kinders positiewe gedrag leer en 'n voorbeeld stel sodat hulle kinders verantwoordelike burgers sal word.

8.2.1 Gee DRIE redes hoekom ouers hulle kinders die waarde van werk moet leer en as voorbeeld moet optree.

8.2.2 Verduidelik hoekom ouers 'n verantwoordelikheid het om hulle kinders aan te moedig om as kieser goeie gedrag toe te pas. Gee DRIE redes.

(2 × 3) (6)

8.3 Hoekom is kindermishandeling verkeerd? Gee die moeder DRIE redes. (3)

[18]

VRAAG 9

Bestudeer die afbeelding hier onder en beantwoord die vrae.



Posttraumatiese stres kan akuut voorkom (kort na die trauma), of maande later in vertraagde reaksie aanvang

[Bron: *www.google.co.za*]

9.1 Stres en depressie is ernstige uitdagings.

9.1.1 Verduidelik *posttraumatiese stresversteuring*.

9.1.2 Identifiseer TWEE oorsake van posttraumatiese stresversteuring. (2 × 2) (4)

9.2 Hoe kan bestuurders werkers help om posttraumatiese stresversteuring in die werkplek te hanteer? Stel TWEE wyses voor. (2)

9.3 Gee raad aan die persoon in die afbeelding hier bo van hoe om stres te hanteer. Gee TWEE punte van advies. (2)

9.4 Hoekom is dit belangrik om te luister na wat 'n persoon met selfdoodneigings sê? (2)

9.5 Beveel TWEE wyses aan hoe depressie hanteer moet word. (2)

[12]

TOTAAL AFDELING B: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 10

Kyk na die afbeelding hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *www.google.co.za*]

10.1 Noem VIER soorte onderhoude waarvoor jy moet voorberei. (4)

10.2 'n Onderhoud kan een van die mees intimiderende prosesse wees waaraan jy blootgestel word.

10.2.1 Verduidelik kortliks hoekom jy deeglik vir 'n onderhoud moet voorberei.

10.2.2 Beskryf TWEE nuttige wyses om vir 'n onderhoud voor te berei.

(2 × 2) (4)

10.3 Gee eerlike antwoorde op die volgende tipiese vrae in 'n onderhoud. Antwoord in vol sinne.

10.3.1 Wat sal jy doen om stigma te wyte aan MIV en TB in ons werkplek teen te staan?

10.3.2 Hoe sal jy 'n kollega wat met MIV saamleef ondersteun?

10.3.3 Vertel ons van enige werk wat jy die afgelope twee jaar vrywillig gedoen het.

(3 × 3) (9)

10.4 Na afloop van die onderhoud loop party mense uit, klap die deur toe en skud hulle koppe, of kerm en kla. Andere skakel elke dag!

Verduidelik aan hierdie mense DRIE korrekte optredes wat na 'n onderhoud moet plaasvind. (3)

10.5 Skryf 'n paragraaf om onaanvaarbare gedrag gedurende 'n onderhoud te ontleed. Sluit VYF stellings in jou paragraaf in. (5)

[25]

VRAAG 11

Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Afdanking van werknemers moet 'n laaste uitweg wees. Werknemers moet sonder onnodige vertraging die nodige ondersoeke doen. Suid-Afrikaanse arbeidswette dui die prosedure van ontslag duidelik aan.

11.1 Verduidelik *wangedrag*. (2)

11.2 Identifiseer VIER voorbeelde van wangedrag. (4)

11.3 Hoekom is dit belangrik vir 'n werkgewer om ondersoeke te doen voordat werknemers afgedank word? (2)

11.4 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes word nie altyd toegepas nie.

11.4.1 Identifiseer DRIE algemene griewe van werknemers wat voorkom omdat Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes nie nagekom word nie.

11.4.2 Vir elkeen van die DRIE griewe genoem in VRAAG 11.4.1, wat moet volgens Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes gebeur.

(2 × 3) (6)

11.5 Dit is belangrik dat voornemende werknemers die konsepte verstaan wat in 'n werkskontrak gebruik word.

Vergelyk en dui die teenstelling in die volgende situasies aan:

- Afdanking
- Onbillike ontslag
- Bedanking

(3 × 2) (6)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou